**Woensdag 22 Februarie**
**Skrifgedeelte: Levitikus 1:1-17**
**Fokusgedeelte: Levitikus 1:3**
**Ons is nou aanvaarbaar**

Wat lê vandag vir jou voor? Indien jy prakties kan sien en beleef dat jy deur die Here aanvaar word in jou omstandighede, watter invloed sal dit hê?

Wanneer ons dink aan mense in die Ou-Testamentiese tyd, was baie mense wat nie in die Here geglo het nie, bang vir die gode. Hulle wou in die goeie boekies van die gode kom om seker te maak dit gaan goed met hulle. Daarom was offers ook nie ’n vreemde verskynsel nie. Ander volke soos die Egiptenaars het ook offers vir hulle gode gebring. Die Here beveel sy volk om vir Hom ook offers te bring. Hy wil daardeur wys Hy is anders as hierdie nikswerd afgode.

Die eerste offer wat die Here aan sy volk voorskryf, is die brandoffer. Daar was drie soorte brandoffers: beeste, kleinvee of ’n voël. Die tipe brandoffer wat iemand gebring het, het afgehang van die hoeveelheid geld wat die persoon gehad het. Hoe wonderlik is dit nie, jy word deur die Here aanvaar ongeag jou finansiële welvaart.

Die volk moes vir die Here die voorgestelde offer bring, en wanneer hulle dit gedoen het, kon hulle weet Hy aanvaar hulle. Nie soos die ander gode nie. Hulle mense het geoffer sonder die vaste wete dat hulle aanvaar is. Maar Israel het geweet die Here aanvaar hulle, want Hy heilig hulle (Lev. 20:7). Elke offer het gedui op die Here wat sy volk deur Jesus Christus finaal sal heilig. Die brandoffer het dus vir die persoon gewys hy is aanvaar deur die Here.

Watter brandoffer gee ons vandag? Liefde (Hosea 6:6). Wanneer jy in die Here glo, weet jy jy is ook deur Hom aanvaar. Liefde wat jy vir ander wys, is die brandoffer wat jou aanvaarding wys (Filip. 4:18). Dink weer hoe verander dit jou dag noudat jy weet die Here aanvaar jou?

*Sing: Psalm 93-1:1, 4*

*Ds. DJ de Bruyn (Dirk) (Middelburg Kaap)*